**VRYDAG 3 APRIL**

**SKRIFGEDEELTE: MARKUS 15:21-32 (OAV/NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: MARKUS 15:21**

**Simon – deur vernedering tot oorwinning! (Paasfees)**

Simon (verhoring) was volgens alle aanduidings ’n Jood uit Cirene, ’n stad in Libië, Noord-Afrika. Hy was sekerlik in Jerusalem vir die viering van die Paasfees en word in die maalkolk van gebeure rondom Christus se verhoor en kruisiging vasgevang. Die Romeinse soldate wat Jesus na Golgota begelei het, het gesien dat Hy nie die dwarshout van die kruis tot daar sou kon dra nie vanweë fisiese uitputting. Hulle kommandeer die naaste Jood op wat hulle kon kry om Jesus se kruishout verder te dra, en hierdie “eer” val Simon te beurt.

Vir Simon, as getroue Joodse gelowige, moes hierdie ’n groot vernedering gewees het. ’n Kruishout was vir die Jode ’n vervloekte stuk hout en nou moet Simon homself voor die Paasmaaltyd verontreinig om hierdie bloedbevlekte, vervloekte stuk hout van die veroordeelde Jesus verder te dra.

Hierdie oomblikke van vernedering sou egter Simon se oomblikke van oorwinning in Christus word. Daardie gedwonge kruisdra het hom van aangesig tot aangesig gebring met die Verlosser en Koning van die wêreld in Wie hy nou geglo het. Christus se grootste vernedering aan die kruis het gelei tot sy grootste oorwinning waarin elkeen van ons wat in Hom glo, kan deel. Dit het ook Simon se oorwinning geword deurdat hy tot geloof in Christus gekom het.

Ons lees nooit weer verder van Simon in die Bybel nie, maar die meeste Bybelverklaarders is dit eens dat ons in *Romeine 16:13* van sy gelowige vrou en seun Rufus lees aan wie Paulus besondere groete stuur as medewerkers van Christus. Dit lewer getuienis dat Simon deur sy vernedering die grootste oorwinning van sy lewe sou behaal.

Moet dus nooit wonder oor die vreemde gebeure en paaie wat God jou laat loop nie. Al lyk die gebeure of pad ooglopend tot jou nadeel te wees, bewerk die Here Jesus dit altyd tot ons voordeel.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6*
*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*